# Laerskool Eligwa

18 Maart 2024

Geagte Ouers / Voogde

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag:

**1. AKADEMIE**

U kind sal 'n vorderingsverslag met die skoolsluiting op Woensdag ,20 Maart 2024 ontvang. Die vorderingsverslae kan tussen 07:00 en 07:30 by die registerpersoneel afgehaal word. Ons amptelike ouermiddag is op Dinsdag, 9 April 2024 **vanaf 14:00 tot 16:00**. U sal met die eerste skrywe van die tweede kwartaal meer inligting hieroor ontvang.

**2. PERSONEELSAKE**

Dit is met groot hartseer dat ons moet afskeid neem van Mev. Domonique van Tonder wat Nelspruit toe verhuis. Ons wil vir haar baie dankie sê vir die onbaatsugtige diens wat sy vir die skool en die gemeenskap gelewer het. Ons wens vir haar 'n wonderlike toekoms toe en bid God se seën oor haar uit.

**3. BEHEERLIGGAAM**

Die Beheerliggaamsverkiesing is afgehandel op 13 Maart 2024. Baie geluk aan die volgende ouers met hul verkiesing tot die Beheerliggaam.

Niko Nienaber (Voorsitter)
Etienne Theron (Onder Voorsitter)
Wilmarié Botha (Tesourier)
Elizna Ebertsöhn
Terisa Jacobs
Neil Gorrie

Baie geluk en baie sterkte met die groot taak wat op u skouers rus.

**4. KARNAVAL**

U het reeds al die inligting ontvang rakende ons karnaval. Baie dankie byvoorbaat vir u positiewe gesindheid en ondersteuning. Kaartjies sal te koop aangebied word in 'n boekieformaat om 'n bottelnek op die betrokke dag te voorkom. Leerlinge kan reeds begin betaal vir die ***Fun Jumping Castles Inflatables*** bandjies (R80) en kaartjies (boekie vir R100 – maatjies, boeties en sussies kan deel) Maak dus in u begroting daarvoor voorsiening. Die kaartjies en bandjies vir die ***Fun Jumping Castles Inflatables*** sal op die oggend van die karnaval aan die leerlinge uitgedeel word. Die sluitingsdatums vir die inbetalings van die borgvorms is Woensdag, 24 April 2024. Die karnaval is nie net vir ons leerlinge nie, maar ook vir ons ouers. Kom geniet die kosstalletjies saam met u kind en deel in die pret. Baie dankie byvoorbaat vir u positiewe gesindheid en ondersteuning.

H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: eligwa@mweb.co.za

## 5. BUITEMUURSE AKTIWITEITE:

Baie geluk aan Ewan Strydom wat eerste geëindig by die Gauteng Atletiekkampioenskappe. Hy is in die Gauteng-span opgeneem vir hoogspring seuns O/11 en gaan ons by die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe verteenwoordig. Baie sterkte Ewan – ons hou vir jou duim vas.

Baie geluk ook aan Kasia Fourie wat in die Suid-Gauteng hokkiespan opgeneem is. Ons is voorwaar trots op julle.

## 6. SKOOLFONDS

Baie dankie vir u positiewe ondersteuning ten opsigte van bogenoemde. Let wel : Indien u die volle skoolfondsbedrag voor of op einde Maart 2024 betaal, kwalifiseer u nog steeds vir **korting van 8%.** Neem asseblief kennis dat die finansiële kantoor gesluit sal wees vanaf Dinsdag, 19 Maart 2024.

## 7. TOERE

Sterkte aan ons 0/11 en 1ste - rugbyspanne wat die vakansie gaan toer by Jubaweni. Ons glo julle gaan sommer baie leer en dit baie geniet.

## 8. PARKERING / OP- EN AFLAAI VAN LEERLINGE

Geen voertuig mag voor die skuifhekke parkeer en/of stilhou vir watter tydperk ook al nie.

### 8.1 Op- en aflaai van Gr. RR en R leerlinge:

Hierdie leerders het hulle eie toegangshek reg langs Kiewietsnes. Geen ander leerling mag hierdie hek gebruik nie.

### 8.2 Aflaai van Gr. 1 – 7 leerlinge:

Slegs hek 1 en hek 4 word in die oggende deur leerlinge gebruik om toegang tot die skool te verkry.

### 8.3 Oplaai van Gr. 1 – 7 leerlinge na skool:

Slegs hek 4 en 5 word in die middae na skool deur leerlinge gebruik om die terrein te verlaat. Hek 4 sal om 13:00 oopgesluit word wanneer die Gr.1- leerlinge huis toe gaan en sal weer om 14:00 toegesluit word . Hek 5 sal om 13:45 oopgesluit word en sal dan oop bly tot 17:30.

### 8.4 Personeelhekke

Hek 1 en hek 3 is slegs vir personeel. **GEEN** ander voertuie word voor of na skoolure op die terrein toegelaat nie.

**Let wel: U kind se veiligheid is vir ons belangrik en daarom vra ons u om bogenoemde reëlings te respekteer. In geval van reën sal alle toegangshekke oop wees.**

## 9. ADRESVERANDERING

Gebruik asseblief in die toekoms die volgende e-posadresse om met die skool te kommunikeer.

lseligwa@eligwa.co.za
navrae@eligwa.co.za
admin@eligwa.co.za

**10. SKOOLSLUITING**

Die skool sluit Woensdag, 20 Maart 2024 en heropen weer op Woensdag, 3 April 2024 om 07:25 vir die leerders. ‘n Aangename rustyd saam met u kinders word u almal toegewens.

Groete

**BD BOSHOFF**
**HOOF**